

30 Junie - KONING

Skrifgedeelte: 1 Konings 14:1-20
Fokusgedeelte: 1 Konings 14:1, 9 & 10

Daar kan maklik 'n krisis wat alles omvergooi, plaasvind. Die vraag is egter hoe jy as gelowige so 'n krisis-situasie moet hanteer. Die Bybel wys ons hoe koning Jerobeam saam met sy vrou hulle krisis hanteer het toe hulle seun, Abia, ernstig siek geword het.

Koning Jerobeam het nie op die Here alleen vertrou nie. Hy was ongehoorsaam aan die Here en het twee nuwe godsdienstige sentrums ingerig en twee goue beelde van kalwers laat maak.

Toe sy seun, Abia, ernstig siek word, het Jerobeam egter nie hulp by hierdie godsdienstige sentrums gaan soek nie. Hy stuur sy vrou na Silo toe, waar die profeet van God woon. Hy het ontdek dat sy eie godsdienstige hervorming waardeloos was. Nou, in sy uur van krisis, beweeg die koning in die regte rigting. Hy moet weer by God uitkom.

Koning Jerobeam loop op die regte pad, maar met die verkeerde gesindheid. Hy stuur sy vrou na die profeet toe, maar sy moet haarself vermom. Jerobeam is bang dat die profeet kwaad sal word as hy hoor dit is die koningin wat vir raad kom vra.

Jerobeam wou slegs dít aanvaar wat die Here beloof, maar nie wat die Here vra nie. Selfs nie eers die dood van sy seun het hom tot inkeer gebring nie.

Hoe tree jy op wanneer daar 'n krisis-situasie in jou lewe is? Met watter gesindheid gaan jy na die Here toe? Gaan na die groot profeet, Jesus Christus, toe. Hy roep almal wat uitgeput en oorlaai is, na Hom toe, want sy juk is sag en sy las is lig.

Sing: Psalm 18:13

Teol. Student Fritz Potgieter